opstaan om hulle vir die dagtaak Christelik voor te berei. En so is elke afgevaardigde smôrens met die stem van klokke herinner aan sy taak om God in Europa te dien.

Afgevaardigdes uit Kommunistiese Lande: Die afgevaardigdes uit Oos-Europa, veral uit kommunistiese lande, het groot indruk op die vergadering gemaak. Hulle het beklemtoon dat slegs deur selfoorgawe, selfondersoek, studie van Gods woord en Christelike diensbetoon ons kan leer hoe om ware Christene te wees in die situasie waarin ons geplaas is. Hulle het vertel hoe vertwyfeld hul geworstel het om te leer hoe om ten volle Christelik in hul lewensomstandighede te wees en hoe verkeerd dit is om hulle van buite af te kritiseer. Gevangenskap,'n katakombe-bestaan,is nie 'n normale situasie vir die uitlewing van die Christelike belydenis nie wat gewoonweg op die mark en by die draaibank moet funksioneer. Terwyl Christene die Christelike waardes ten volle tot hul reg moet laat kom, moet hulle terselfdertyd die groot sosiale bewegings van ons tyd erken as deel van Gods wêreld wat nie sonder Sy voorsienigheid toegelaat word nie. Christene in die Weste het met versoekings te doen wat nie so kras is as die in die Oostelike Europa nie. En tog het ook hulle hul versoekings een waarvan is om die Christendom te vereenselwig met regeringe wat dit aanmoedig of duld. In werklikheid is die Christendom oral 'n minderheidsbeweging. Laat ons die feite in die gesig kyk en stewig saamstaan - aldus die Gereformeerdes uit die kommunistiese lande.

49. Verslag van Wêreldalliansie van Presbiteriaanse en Gereformeerde Kerke

Hier volg in kort 'n samevatting van die verslag van die Algemene Sekretaris vir die jaar 1961.

Die vraag is meermale, o.a. ook op die laaste algemene vergadering van die Wêreldraad van Kerke in Nieu Delhi gevra of die wêreldwye belydenisorganisasies nog reg van bestaan het. Help of hinder hulle die ekumeniese strewe?

Dr. Marcel Pradervand wys daarop dat hierdie vraag reeds in 1951 deur die Uitvoerende Komitee van die Alliansie, in sitting te Basel, bespreek is, waar o.m. die volgende gekonstateer is:

"Na die oordeel van hierdie komitee het die Presbiteriane 'n besondere taak om in ons huidige wêreld te vervul. Hulle het 'n opdrag van die Here om toe te sien dat die oplewing van denominasionalisme, wat oor die hele wêreld plaasvind, nie sektaries word nie, maar ekumenies bly. As die groot wêreld-denominasies, waaronder ook die Gereformeerde Kerke, hul eie voorrang najaag en daarna streef om 'n kerklike magsgroep te vorm, sal hulle Jesus Christus verloën. As hulle egter begeer en daarin slaag om met die beklemtoning van eie belydenis die algemene evangeliese erfgoed te verryk, sal hulle sodoende die wil van die Hoof van die Kerk uitvoer en ware werktuie van die Heilige Gees wees."

Op 'n byeenkoms in Praag in 1956 het die Uitvoerende Komitee gevra dat verteenwoordigers van die verskillende Protestantse belydenis-groepe sou ontmoet om aan mekaar die aard, doelstellings en ontwikkeling van die bepaalde groep waaraan hulle behoort, te verduidelik. 'n Jaar daarna in Stony Point V.S.A. het die Uitvoerende Komitee aan die hand gedoen dat 'n volgende verteenwoordigende konferensie die rol sou vasstel wat denominasionalisme in die ekumeniese beweging speel en of daar aanduidings is dat dit moontlik 'n bedreiging vir die verlangde eenheid in Christus sou kon word.

In dieselfde gees het die Algemene Vergadering van die Wêreldraad van Kerke sy Sentrale Komitee versoek om 'n studie te onderneem van die verhouding tussen die Wêreldraad en belydenisgroepe en tussen hulle en die jong kerke. Namens die Alliansie

betuig/.....

betuig dr. Pradervand sy volle instemming met hierdie plan en sê dit sy steun toe.

Dr. Pradervand gaan voort om uit een te sit dat die Alliansie die aangewese liggaam is om bepaalde take te onderneem, veral op die gebied van die teologie. Hy noem pertinent die studie van die verhouding tussen die Gereformeerde Kerke en die groep Ortodokse Kerke wat deesdae 'n aansienlike deel van die Wêreldraad uitmaak en ook moontlike samesprekings met die Rooms Katolieke Kerk as gevolg van die aanstaande Tweede Vatikaanse Konsilie. Simpatieke en deurtastende ondersoek na die betekenis wat hierdie ontwikkelings vir die Gereformeerde Kerke en vir die ekumeniese beweging in toto het, is 'n verantwoordelikheid wat die Alliansie nie van hom mag afskuif nie. Verder mag die Alliansie nie vergeet nie dat daar bande is wat hom aan ander konfessionele groepe binne die groot ekumeniese gemeenskap verbind. Dr. Pradervand het die oog veral op samesprekings met die Internasionale Kongregasionalistiese Raad en in Noord Amerika met die Lutherse Kerke.

Gedurende 1961 het vyf kerke, drie in Afrika, een in Asië en een in Suid-Amerika tot die Alliansie toegetree. Hiermee is die ledetal opgeskuif na 89 kerke, waarvan 22 in Afrika is. Hierdie laasgenoemde feit was dan ook aanleiding vir die besluit dat die Uitvoerende Komitee sy 1962 vergadering in Wes-Afrika, waarskynlik Nigerië, sou hou. By die geleentheid sal hy ook samesprekings met die Gereformeerde en Presbiteriaanse Kerke van Wes-Afrika hou oor die taak van die kerk in Afrika vandag.

Die Noord-Amerikaanse en die Europese afdelings van die Alliansie het albei verlede jaar vergader, die een in Atlantic City, die ander in Zürich. Die diens van die Christen in die wêreld was die onderwerp van bespreking by albei byeenkomste. Dr. H. Shaw Scates van die Cumberland Presbyterian Church was voorsitter vir die Noord-Amerikaanse streek; Pierre Bourguet, Moderator van die Gereformeerde Sinode van Frankryk is gekies tot voorsitter van die Europa-streekvergadering. Al die lidkerke van Europa was verteenwoordig. Lidkerke in Rusland, wat nie afgevaardigdes kon stuur nie, het hul solidariteit in 'n boodskap betuig. Gedurende 1962 hoop die voorsitter van die Alliansie, dr. Ralph W. Lloyd, om sy reis te voltooi wat hy onderneem het met die oogmerk om lidkerke en ander Gereformeerde Kerke oor die hele wêreld te besoek. Hy was reeds in Kanada, Noord- en Suid-Amerika, Oos-Europa, en Afrika. Nadat hy die Algemene Vergadering van die Wêreldraad in Nieu Delhi bygewoon het, het hy Asië en Australië besoek.

Wat die teologiese afdeling van die Alliansie betref, skryf dr. Pradervand dat onder die bekwame leiding van dr. James I. McCord en dr. Lewis S. Mudge dit al hoe meer belangrik word. Die bulletin van hierdie afdeling word in drie tale gepubliseer en na teologiese fakulteite dwars deur die wêreld gestuur. Teoloë van alle wêrelddele neem dan ook deel aan die diskussie oor katolisiteit.

Ten slotte bespreek dr. Pradervand toekomstige planne wat insluit die viering van die 4-honderdjarige bestaan van die Heidelbergse Kategismus in 1963, waarvan in latere publikasies van die Alliansie meer vertel sal word. Verder kyk die Alliansie nou reeds vorentoe na sy 19de Algemene Raadsvergadering wat D.V. in Frankfurt am Main van 3-13 Augustus 1964 sal vergader. Die onderwerp sal wees: Kom, Herskepper-Gees! "Ons versoek ons kerke", skryf die Algemene Sekretaris, "om aan die oproep tot hernuwing deur die Heilige Gees ernstige aandag te verleen. Want ons is oortuig dat slegs onder leiding van dié Gees hulle aan hul roeping sal beantwoord om Gereformeerde Kerke te wees, dit wil sê kerke wat voortdurend deur die Woord van God en die Krag van die Heilige Gees hervorm word."

* * * * * * * * * * * * * * *

DIE/.....

## DIE WêRELDRAAD VAN KERKE

### 50. Balans van Nieu Delhi

Onder hierdie opskrif bespreek dr. W.F. Dankbaar die laaste algemene Vergadering van die Wêreldraad van Kerke in Woord en Dienst van 3 Februarie en 17 Maart 1962. Wat is Nieu Delhi ? vra hy. Is dit 'n openbaring van nuwe kerklike eenheid of 'n magtige ingryping van die Christenheid in die dreigende wêreldgebeure? Nee, dit is veeleer 'n konsolidasie van wat die kerke in die afgelope jare bereik het. Die vraag is dus nie watter opsienbarende dinge het die Algemene Vergadering te sien gegee nie, maar wel, op watter punte daar ekumeniese vooruitgang te konstateer is?

Die Wêreldraad het in 'n nie-Christelike omgewing vergader en die oë van hierdie omgewing was op die vergadering gerig en dit het invloed op die vergadering uitgeoefen. Die ongebreekte krag van heidense godsdienste was aan alle kante sigbaar. Die vergadering was sendingbewus en gevolglik is die samesmelting van die Internasionale Sendingraad met die Wêreldraad met geesdrif aanvaar. Ekumene en Sending hoort bymekaar en veral by die jong kerke was daar geesdrif vir hierdie saak. Hulle het uit die sending voortgekom maar het intussen selfstandig geword. Vir hulle was dit onnatuurlik om aan twee internasionale liggame te behoort wat tog in hul wese één behoort te wees. Slegs by die Oosters-Ortodokse Kerke was daar wantroue ten opsigte hiervan. Hulle doen self nie sendingwerk nie en het die Protestantse sending, wat hul mense dikwels "gesteel" het, gewantrou. Gelukkig kon aan hulle verduidelik word dat die Protestantse kerke die metode van ander man se skape te steel nie goedkeur nie. Daarby kom dat daar tekens is dat die Oosters-Ortodokse Kerke hul sendingtaak begin verstaan.

*** ***

### Die Ortodokse Kerke

Van Amsterdam en Evanston af het die Oosters- Ortodokse Kerke 'n rol in die ekumene begin speel. Hierdie proses is versterk deur die toetree van die Russies Ortodokse Kerk en dié van Roemenië, Bulgarye en Pole. Wantroue, sowel van die Russiese as van die Westerse kant, moes oorwen word. Vir die Russe het dit gelyk of die Wêreldraad van Kerke niks anders as 'n instrument van Amerikaanse kapitalisme en imperialisme is nie. Vir baie in die Weste het dit gelyk of die kerk uit Rusland en sy satelietlande slegs die Wêreldraad met kommunistiese gif sou indoktrineer. Hierdie verdagmaking, sowel in Ooste as in Weste, was ongegrond. Die Oosterse Kerke het uit suiwer Christelike oorweginge aangesluit. In hul inwendige lewe staan hul nie onder staatkundige dwang nie. Dit is waar dat hierdie kerke nie in 'n versethouding teen hul Kommunistiese Owerheid staan nie, maar daaruit mag ons nie aflei dat hulle die Marxisties-kommunistiese lewensbeskouing tot hul eie gemaak het nie. Hul verteenwoordigers het met nadruk verseker dat hulle met die politiek van hul lande niks te doen het nie, maar suiwer as Christelike kerke aansluiting soek. Hulle het dan ook met die mees positiewe belangstelling aan die diskussies deelgeneem. Die Ortodokse element in die Wêreldraad is aansienlik versterk deur die toetrede veral van die Russiese Kerk. Dit sal ook op teologiese gebied merkbaar word en die diskussies somtyds bemoeilik. Omgekeer kom die Ortodokse Kerke uit hul isolasie, feitlik sedert 1054, tans in aanraking met die kerklike en teologiese denkbeelde van die Weste wat vir hulle dikwels vreemd moet voorkom. Die uitwisseling van denkbeelde sal hopelik wederkerig bevrugtend werk.

*** ***

Roomse en Gereformeerde waarnemers

Daar was heelwat waarnemers van kerke buiten die Wêreldraad van Kerke insluitende vyf van die Roomse Kerk. Nog in die tyd van Evanston (1954) kon belangstellende Roomse geen verlof verkry om die Algemene Vergadering by te woon nie. Intussen het veel verander. Ondanks die feit dat die Roomse opvatting van kerk en ekumenisiteit geen die minste krake of verandering vertoon nie, het daar 'n lewendige en diepgaande diskussie tussen Roomse en Protestantse teoloë ontstaan en is sommige Roomse selfs bereid om die leerstellinge van hul kerk te hersien. Ons mag die hoop nie opgee nie dat die waarheid van Christus ook in dié kerk seëvierend sal deurbreek.

Vir Nederlanders van die Hervormde Kerk was dit 'n vreugde om verteenwoordigers van die Gereformeerde Kerke nie slegs te sien nie, maar intens te sien meeleef met die Wêreldraad van Kerke. Die ekumeniese beweging wat Nederland betref is inkompleet sonder die gereformeerdes.

*** ***

Sigbare Eenheid

Wat omtrent die sigbare eenheid van die Kerke? In Amsterdam en Evanston is met veel erns oor die eenheid gespreek. In Nieu Delhi het dit geblyk op watter vaste punte die eenheid sigbaar moet word. Dit was opvallend dat nagenoeg niemand vir 'n koöperatiewe federasie van kerke te vinde was nie. Die Kommissie vir Geloof en Kerkorde het 'n uitstekende verslag ingedien waarin die begrip van die eenheid van die kerke verdiep word tot op sy wesenlike fondament: die belydenis van die een Here, die één apostoliese geloof; die één doop, die breek van die één brood, en die aanvaarding van mekaar se ampsdraers en lede. Die vergadering het na grondige bespreking hierdie verslag aanvaar om dit vervolgens aan die plaaslike gemeentes voor te lê, want daar moet die eenheid sigbaar word, omdat dáár die verdeeldheid in die oog spring. Die feit dat kerke wat sterk verskil en oor die algemeen streng aan hul eie tradisie vashou tot bogenoemde stap bereid was, wys dat op die pad na eenheid 'n besliste stap vorentoe gedoen is. Origens het dit op Nieu Delhi geblyk dat opsienbarende kerklike eenwording bepaald nog nie voor die deur staan nie. Daar bestaan uiters teenstrydige opvattinge waaroor hoegenaamd geen eenstemmigheid bereik is nie, soos die apostoliese suksessie, kinder- of volwasse-doop en die nagmaal.

*** ***

Interkommunie

Die kerke, met uitsondering van die Ortodokse, het deelgeneem aan indrukwekkende nagmaalsvieringe en op dié manier het interkommunie tot stand gekom. Maar één saak was opvallend. Die nagmaal is telkens bedien deur ampsdraers van één konfessie, Anglikaans of Luthers of Ortodoks. Daar was geen interselebrasie, want die kerke kon mekaar se ampte nog nie so aanvaar dat hulle hierdie sakrament van gemeenskap met Christus en met mekaar ook saam kon bedien nie. Op hierdie sentrale punt, en op ander punte van ondergeskikte belang, kon voorasnog geen eenheid bereik word nie - en dit ondanks die aanvaarding van die bovermelde verslag van die Kommissie vir Geloof en Kerkorde. Baie jongere lede was hieroor verontwaardig en het nie geskroom om hul teleurstelling te betuig dat die kerke teenoor 'n wêreld in nood so terughoudend en angsvallig kon wees en geen risiko's wou neem nie.

So was Nieu Delhi. Daar was oomblikke van vervoering oor die groot eenstemmigheid by so 'n verskeidenheid van kerke. Daar was tye wanneer onhelderheid in Bybels-teologies denke en gebrek aan eensgesindheid oppermagtig was. Maar daar is veel grond vir geloof en hoop, juis omdat daar opregtheid, eerlikheid

en die goeie wil is om mekaar te vind. Laat ons veral nie vergeet nie dat die eenheid gawe sowel as opdrag is en dat die Here Sy Gees nie sal onthou aan dié wat dit in opregtheid soek nie.

In Woord en Diens van 17 Maart 1962 sluit dr. Dankbaar sy reeks artikels oor Balans van Nieu Delhi af met 'n bespreking van wat bereik is en beoog word met ekumeniese eenheid.

*** ***

Die Nuwe Basis

Hy begin met die nuwe basis: Die Wêreldraad van Kerke is 'n gemeenskap van kerke wat die Here Jesus Christus as God en Heiland ooreenkomstig die Heilige Skrif bely en wat daarom hul gemeenskaplike roeping gesamentlik wil vervul tot eer van die ene God, Vader, Seun en Heilige Gees. Hy bespreek die aanleiding tot die formulering van die nuwe basis, die besware daarteen geopper en die groot byval wat dit gevind het by verreweg die meeste kerke. Dan gaan hy voort: Dit is goed om daarop te let dat die Wêreldraad wel uiters stip is in sy eis, dat elke kerk wat lid word, die basis moet aanvaar, maar dat hy die uitlegging daarvan oorlaat aan die kerke self. Hierdie vryheid van interpretasie is nodig ten eerste omdat die Wêreldraad nie as 'n oppersinode die kerke mag kontroleer in die wyse waarop hulle vir hulself hierdie basis hanteer nie en ten tweede omdat geen enkele geloofsformulering elke verskil in interpretasie volledig kan uitsluit nie. Dikwels hoor ons die vraag: Hoe kan die Wêreldraad van Kerke sy eie basis handhaaf as hy 'n vrye interpretasie toelaat? Die antwoord hierop lui: Nie in die sin van tugoefening nie, maar wel deeglik laat hy die basis in al sy uitsprake en handelinge funksioneer. Elkeen wat ernstig kennis neem van al die publikasies wat van die Wêreldraad uitgaan, sal erken dat hulle deurdring is van 'n gemeenskaplike geloof wat in die basis uitgedruk word."

*** ***

Kerklike Eenheid

In verband met die kwessie van kerklike eenheid het die kommissie van Geloof en Orde 'n uitstekende omskrywing aangebied van wat daaronder verstaan moet word. Dit is dan ook met klein wysiginge deur die vergadering aanvaar. Dit lui soos volg:
"Ons glo dat die eenheid, wat sowel Gods wil as Sy gawe aan Sy kerk is, sigbaar gemaak word wanneer almal in elke plek deur die Heilige Gees tot 'n ten volle verbindende gemeenskap saamgevat word, almal wat in Jesus Christus gedoop is en Hom as Here en Heiland bely, almal wat die één apostoliese geloof bely, die één evangelie verkondig, die één brood breek, één gemeenskaplike lewe het wat hom in getuienis, diens en gebed uitstrek tot almal en wat tegelykertyd verenig is met die hele gemeenskap van Christene in alle plekke en in alle eeue op so 'n wyse dat ampsdraers en lede deur almal aanvaar word en dat almal saam kan handel en spreek soos dit onder gegewe omstandighede nodig is vir die take waartoe God sy volk roep. Vir so 'n eenheid, glo ons, moet ons bid en werk."

Wie hierdie uitspraak versigtig oorweeg sal begryp dat dit ver uitgryp bo die punt wat die kerke in hul gesoek na eenheid bereik het. Dit konstateer nie waar die kerke reeds is nie, maar waarheen hulle moet. Die warmte waarmee hierdie uitspraak aanvaar is, bewys dat daar ook 'n opregte begeerte is om die ware eenheid te bereik.

*** ***

Ortodokse Kerke en Eenheid

Verrassend b.v. was wat die Oosters-Ortodokse Kerke by monde van dr. Nissiotis betuig het: "Ons Ortodokse", so het hy verklaar, "sê nie vir ander: kom na ons toe, of gaan met ons terug na die eerste 8 eeue nie, maar ons wil met ons getuienis

as/.....

as Ortodokse, en ons katolieke tradisie die ander kerke help om te ontdek wat dit beteken om kerk te wees; ons het geen begeerte om ander ons kerklike vorms op te lê nie, maar ons soek 'n dieper eenheid wat die Heilige Gees deur Sy genadegawes en in die avondmaalsgemeenskap tot stand bring."

*** ***

Verantwoorde Risiko

Die verslag van Nieu Delhi, oor die eenheid spreek van "verantwoorde risiko's" neem. "Verantwoord" uit eerlike respek vir die kerk en die belydenis, waartoe ons behoort. Maar tog 'n "risiko" om iets nuuts te waag, iets moedig te onderneem terwille van die Heilige Gees wat ons tot eenheid roep en terwille van die buitestaanders wat, deur ons verdeeldheid, van die evangelie afgeskrik word. Elkeen moet vasstel wat in die plaaslike omstandighede nodig is. Samewerking is nog nie eenheid nie, maar kan die eenheid bevorder. Daarom moet samewerking allesins aangemoedig word op die gebiede van teologiese studie en opleiding, van sending en evangelisasie, van diens op sosiale en politieke gebied, van onderwys en jeugwerk. Die konferensie oor Geloof en Kerkorde in Lund in 1952 het reeds aanbeveel dat ons as kerke alles saam moet doen wat ons terwille van die gewete nie apart moet doen nie. Ons doen gewoonlik net die teenoorgestelde; alles apart behalwe wat ons gedwing word om saam te doen. Terwyl ons na eenheid soek, vind ons seker en gewis ooreenkomste in die leer, maar ons stuit ook herhaaldelik op verskille af.

Die rapport waarna verwys is, sê dat ons gemeenskap in Christus veel meer die voorwaarde vir 'n gesonde leer is as wat die gesonde leer voorwaarde vir gemeenskap is. Dr. Dankbaar voeg hieraan toe: "Ek wil liewer sê dat wanneer die gesonde leer nie in staat is om gemeenskap te stig nie, daar by een van albei partye en gewoonlik by albei, iets aan die gesondheid haper. Die geskiedenis van die kerk lewer oorvloedige voorbeelde daarvoor. Tereg sê die rapport dat die eerste voorwaarde vir eenheid in die leer steeds moet wees dat ons saam gelowig luister na die apostoliese getuienis van die Heilige Skrif. Voorts kan ook die getuienisse van die vaders en die ou geloofsbelydenisse waardevolle dienste bewys."

Daar is punte waaroor die kerke ooreengekom het om te verskil soos b.v. kinder- en volwassene-doop, interselebrasie van die nagmaal en die geldigheid van die amp.

Terloops het Nieu Delhi ook aandag aan die konfessionele wêreldorganisasies geskenk. Help of hinder hulle die eenheidstrewe is 'n saak wat nog nie heeltemal uitgemaak is nie. Nóg Nieu Delhi, besluit dr. Dankbaar, nóg die Wêreldraad as geheel het die eenheid van die kerke reeds sigbaar gemaak. Die Wêreldraad is geen eenheidskerk en wil dit ook nie wees nie. Hy is: die kerke in voortdurende gemeenskaplike oorleg. Hy help en bemoedig die kerke in hul strewe na die eenheid.

Hy sluit af met die volgende woorde:

"Geen enkele gemeente, ja geen enkele Christen mag sê dat hierdie saak hom nie aangaan nie. Die eenheid mag nie slegs terwille van die eenheid gesoek word nie, maar terwille van die Here en terwille van die wêreld, vir wie Hy gesterf het. Eenheid mag nie geskei word van vernuwing en bekering nie. Daarom bid ons, daarvoor werk ons; mag ons daarheen deur Gods Gees gelei word."

51. Boodskap/...

51. <u>Boodskap van die Wêreldraad in Nieu Delhi aan die Kerke</u>

<u>Life and Work, Januarie 1962</u>: Die derde Algemene Vergadering van die Wêreldraad van Kerke rig hierdie brief aan die lidkerke en hul gemeentes. Nuwe lidkerke afkomstig in aansienlike getalle sowel van die ou Ortodokse tradisie van die Oosterse Christendom as van Afrika, Asië, Latyns-Amerika en ander dele van die Wêreld maak dit aanskoulik dat die Christendom in alle dele van die wêreld 'n tuiste gevind het. In hierdie gemeenskap van Christene kan ons vry spreek en handel want ons het almal "deelgenote van Christus" geword.

Ons is innig dankbaar vir die gebede van tallose Christenmense. Nou keer ons na ons kerke terug om saam met u die dinge te doen wat vir ons hier getoon is.

*** ***

<u>God is aan die Werk</u>

Oral in die wêreld word nuwe moontlikhede vir lewe, vryheid en voorspoed aktief en selfs hartstogtelik nagejaag. In sommige lande is daar ontnugtering oor die voordele wat 'n tegniesbedrewe maatskappy kan verskaf, en oor almal hang die skaduwee van geweldige vernietiging deur oorlog. Desondanks is die mensdom nie deur hierdie bedreiging lamgeslaan nie. Die tempo van verandering word nie daardeur verminder nie. Ons Christene deel in die algemeen menslike drang na lewe en na vryheid van armoede, verdrukking en siekte. God is aan die werk in die nuwe moontlikhede vir die mensdom vandag. Hy is aan die werk selfs wanneer die magte van duisternis teen Hom in opstand kom en Sy oordeel oor hulle afroep. Ons weet nie langs watter paaie God ons sal lei nie, maar ons vertroue is in Jesus Christus, wat nou en altyd ons ewige lewe is.

*** ***

<u>Christus daar vóór ons</u>

Wanneer ons as Christene met mense praat, moet ons die waarheid van ons geloof uitspreek: dat daar slegs één weg tot die Vader is, naamlik Jesus Christus, sy Seun. Op hierdie weg sal ons gewis ons broeder ontmoet. Ons ontmoet ons Christenbroeder; ons ontmoet ook ons broeder, die medemens; en voordat ons nog met hom oor Christus praat, het Christus hom reeds gesoek. Christus is die weg en daarom moet ons saamloop, van Hom getuig en alle mense dien. Dit is sy gebod. Daar is geen groter diens aan mense nie as om hulle van die lewende Christus te vertel en daar is geen kragtiger getuienis nie as 'n lewe aan Sy diens gewy. Die onverskilligheid of vyandskap van mense mag ons openlike getuienis verhinder, maar God word nie tot swye gebring nie. Hy praat deur die aanbidding en lyding van sy kerk. Die gebede en lydsaamheid van die kerk word deel van die getuienis wat vir Christus afgelê word.

*** ***

<u>Soos dienaars van almal</u>

Ons moet saam die vorme wat ons Christelike diens vandag moet aanneem uitdink en saam daarna handel. Op geen terrein was Christelike samewerking meer omvangryk en effektief nie as in hulpbetoning aan mense in alle soorte nood. Daar is geen dringender taak vir Christene nie as om saam te werk vir gemeenskap tussen die volke en vir vrede met vryheid en geregtigheid. Hierdeur sal die oorsake van baie ellende in ons tyd uitgewis word. Ons moet ons verset teen onreg wat gepleeg word, teen enige ras of enige mens op grond van sy ras. Christelike liefde verg nie slegs uitdeling van wêreldse besittings nie maar ook veeleisende persoonlike diens.

*** ***

Broeders in Christus

Ons moet die volheid van Christelike eenheid soek. Ons het vir hierdie doel elke lid van die Christelike familie nodig, van Oosterse en Westerse tradisie, ou en jongere kerke, manne en vroue, oud en jonk van elke ras en elke nasie. Ons broederskap in Christus word aan ons geskenk, nie deur ons gekies nie. In sommige opsigte laat ons oortuigings ons nog nie toe om saam te handel nie, maar ons het reeds gevorder op die pad om uitdrukking te gee aan die eenheid wat ons soek. Laat ons dan nou oral die dinge ontdek wat ons saam kan doen en hulle getrou doen, terwyl ons altyd bid en werk vir die voller eenheid wat Christus vir sy kerk bestem het.

Hierdie brief is geskrywe van die Wêreldraad van Kerke se Algemene Vergadering. Maar die ware brief aan die wêreld bestaan nie in woorde nie. Ons Christene, waar ons ook al is, is 'n brief van Christus aan Sy wêreld, "geskrywe nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God, nie op kliptafels nie, maar op vleestafels van die hart." Die boodskap is dat God in Christus die wêreld met Hom versoen het. Laat ons dit uitspreek en uitleef met vreug en vertroue, want dit is die God wat gesê het : "Laat daar lig uit die duisternis skyn" - dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus."

52. Boodskap van die Wêreldraad in Nieu Delhi aan Christene in Suid-Afrika.

In Nieu Delhi, uit alle dele van die wêreld vergader, het ons opnuut Gods duidelike oproep gehoor wat tot ons gekom het om die opdrag wat aan die kerk gegee is te vervul, sowel wat betref die taak om die evangelie te preek, as die van die onderwerping van die wêreld waarin ons leef aan die Gees van Christus.

Die kontras tussen die Lig van Christus en die duisternis van die hedendaagse wêreld druk swaar op ons gewetens en ons gees. Vrees vir oorlog, ongeregtigheid en die lyding van mense daag ons uit om die Here gehoorsaam te wees. Die rassestryd is 'n wêreldprobleem en ons staan vas by die oortuiging oor hierdie saak, waaraan die Algemene Vergadering in Evanston uitdrukking gegee het. Oral in die wêreld is Christene betrek in die stryd teen rasseskeiding en rasse-diskriminasie.

Ons weet dat in die naam van Christus baie in Suid-Afrika in hierdie stryd betrokke is. Mag almal wat in hierdie diens staan en almal wat ly, krag ontvang.

Ons bid dat as die volke van Afrika 'n nuwe dag tegemoet gaan, die kerk van Christus steeds 'n kragtiger skeppende rol sal speel in die bevordering van beter onderlinge begrip, geregtigheid, geloof, hoop en liefde.

Mag ons u 'n deelgenoot maak van hierdie oortuiging van ons wat steeds kragtiger word? Dit kan op baie eenvoudige wyse onder woorde gebring word in die tema van die byeenkoms:

Jesus Christus, die Lig van die Wêreld!

53. Die/.....

**Collection Number: AD1715**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS (SAIRR), 1892-1974**

## *PUBLISHER:*

*Collection Funder:-* **Atlantic Philanthropies Foundation**
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.